

IN DIE HOOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDeling)

5 SAAKNOMMER: 14944/2007

DATUM: 13 MAART 2008

In die saak tussen:

ALETTA HELENA JOHANNA BOTHA
Eisenes

10 en

FRUIT & VEG CITY KNYSNA

UITSPRAAK

15

FOURIE, R:

Die eisenes, 'n 69-jarige gekwalificeerde verpleegster, vorder skadevergoeding van verweerder vir 'n besering wat sy aan 20 haar regtervoet opgedoen het. Sy beweer dat sy kort na 8:00 voormiddag op 30 Desember 2003 verweerder se winkel te Knysna besoek het om inkopies te doen. Terwyl sy daar was het 'n trolley, gelaai met aartappelsakkies, haar voet raakgery met die gevullike besering van haar regtervoet wat, weens die 25 gevolge daarvan, haar geregtig maak op die betaling van /im

skadevergoeding. Die partye het ooreengeskoom dat indien bevind sou word dat eiseres in verweerde se winkel beseer is, soos deur haar beweer, die verweerde middellik aanspreeklik teenoor haar sal wees op die grondslag dat sy die besering opgedoen het weens die optrede van 'n werknomer van verweerde, wat in diens van die verweerde was en binne sy diensbestek met verweerde opgetree het.

By die aanvang van die verhoor het ek, op versoek van die partye, ingevolge Reël 33(4) gelas dat die meriete van eiseres se aksie, insluitende haar beweerde bydraende nalatigheid, vooraf beslis word en dat die kwantum van haar skadevergoedingseis oorstaan vir latere berekening, indien nodig.

15

Ek het die verhoor van die aksie tydens die siviele rondgang te Mosselbaai aangehoor en aangesien daar verskeie ander sake is wat nog my aandag verg, is ek nie voornemens om in hierdie uitspraak in enige detail na die pleitstukke te verwys of uitgebreide redes vir my bewinding te verskaf nie. Ek gaan dus voort om 'n bondige opsomming van my redes te verskaf.

Dit word nie betwissel dat eiseres die besering, waaroer sy getuig het, aan haar regtervoet opgedoen het nie. Die volgende vraag is waar en op watter datum sy beseer is. Sy beweer dit /im

was op 30 Desember 2003 toe sy verweerdeer se winkel te Knysna besoek het. Haar onbetwiste getuenis is dat sy op hierdie datum die verweerdeer se winkel te Knysna besoek het net na 8:00 voormiddag om inkopies te doen. Haar getuenis dat sy die winkel besoek het om versuikerde vrugte te koop vir 'n funksie op 31 Desember 2003 by die aftree-oord waar sy werkzaam was, is ook nie betwisselbaar nie.

Dieselde geld vir haar getuenis dat sy op gemelde datum en tyd inderdaad hierdie items aangekoop het, dit laat weeg het by 'n skaal in verweerdeer se winkel en daarvoor betaal het by die betaalpunt. Haar getuenis in hierdie verband word in ieder geval ook gestaaf deur haar eggenoot wat getuig het dat sy hom meegedeel het dat sy die items hierdie betrokke dag by verweerdeer se winkel sou gaan koop vir die oujaarsfunksie by die betrokke aftree-oord.

Eiseres se getuenis aangaande die datum en plek waar sy beseer is, is aanvanklik deur verweerdeer gevraagteken. Verweerdeer het deur middel van sy lid en bestuurder, mnr Hanekom, aangevoer dat eiseres eers aan die einde van Februarie 2004 die voorval aan hom gerapporteer het en hy ook van oordeel was dat dit onwaarskynlik is dat 'n troljie volgepak met aartappelsakkies oor haar voet kon ry, soos deur haar beskryf.

- Tydens kruisverhoor het Hanekom egter toegegee dat hy nie kan bewis dat eiseres wel die besering aan haar regtervoet, soos getoon op die foto's voor die Hof, opgedoen het, asook nie kan bewis dat die betrokke besering inderdaad op 30 Desember 2003 deur haar opgedoen is nie. Wat hy egter bewis, het Hanekom getuig, is dat eiseres hierdie besering in verweerde se winkel te Knysna opgedoen het.
- 10 Die wesenlike geskilpunt, na afhandeling van die getuienis, was dus of eiseres die betrokke besering op die wyse, soos deur haar beskryf, in verweerde se winkel te Knysna opgedoen het.
- 15 Tydens betoog egter het mnr Van der Merwe, namens verweerde, toegegee dat eiseres wel bewys het dat sy die besering aan haar voet op 30 Desember 2003 in verweerde se winkel te Knysna, en nie elders nie, opgedoen het. Hy het egter betoog dat eiseres as enkelgetuie van die betrokke 20 voorval, nie op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys het dat die betrokke voorval plaasgevind het soos deur haar beskryf nie.

Dit is wel so, soos betoog deur mnr Van der Merwe, dat h
25 enkelgetuie se getuienis met versigtigheid benader moet word.

Dit is in wese 'n reël van die logika en in S v SAULS EN ANDERE 1981(3) SA 172 (A) word dit as volg gestel te 180E-

G:

- 5 "There is no rule of thumb, test or formula to apply
 when it comes to a consideration of the credibility
 of a single witness. The trial judge will weigh his
 evidence, will consider its merits and demerits and
 having done so, will decide whether it is trustworthy
 10 and whether, despite the fact that there are
 shortcomings or defects or contradictions in the
 testimony, he is satisfied that the truth has been
 told. It has been said more than once that the
 exercise of caution must not be allowed to displace
 15 the exercise of common sense."

Dit volg dus dat die enkelgetuie se getuenis beoordeel moet
 word aan die hand van die getuenis as 'n geheel en teen die
 agtergrond van die waarskynlikhede van die saak. In 'n
 20 artikel wat NICHOLAS, AR in die SA LAW JOURNAL geskryf
 het, stel hy dit as volg veral met verwysing na die beslissing in
R v KRISTUSAMY 1945 AA 549 te 556:

"The question is not whether a witness is wholly
 truthful in all that he says, but whether the Court
 25 / ...
 /im

can be satisfied beyond a reasonable doubt in a criminal case or on a balance of probabilities in a civil matter, that the story which the witness tells is a true one in its essential features."

5

Let 'n mens nou op die eiseres se weergawe, is dit relatief eenvoudig. Sy het by die skaal gestaan waar die versuikerde vrugte wat sy gekoop het, geweeg is, toe 'n trollie, wat hoog gepak was met aartappelsakkies, haar van agter genader en 10 oor haar regtervoet, wat naaste aan die gangetjie was waارlangs die trollie aangekom het, beweeg het. Haar regtervoet het in die proses onder die pallet op die trollie, waarop die aartappelsakkies gepak was, vasgeklem geraak en is sy besoer.

15

Dit is gemene saak dat die uitleg van die betrokke area in verweerde se winkel, wel is soos eiseres dit beskryf het. Soos ek reeds gemeld het, bevestig haar eggenoot ook dat sy die oggend versuikerde lekkers in verweerde se winkel gaan 20 koop het. Dit volg dus dat sy haar wel in die betrokke area in die winkel, waar sy sê die voorval plaasgevind het, sou bevind het. Die uitlegplan, Bewyssstuk A, toon dan ook dat die skaal, prakties gesproke, gedeeltelik in die gangetjie was waardeur 'n trollie sou moes beweeg.

25

Dit volg derhalwe dat eiseres, wanneer sy by die skaal sou staan terwyl haar items geweeg word, gedeeltelik in die gangetjie sou staan waarlangs so'n trolley sou beweeg het.

- 5 Die volg, opsommenderwys, na my mening, dat eiseres se weergawe oor hoe die voorval plaasgevind het, geheel en al versoenbaar is met die objektiewe ligging van die betrokke area in verweerde se winkel.
- 10 Dit moet verder in ag geneem word dat Hanekom in sy getuenis toegegee het dat eiseres se voet wel beseer sou kon gewees het soos deur haar beskryf in haar getuenis, naamlik dat haar voet onder die gemelde pallet beland het en die bewegende pallet haar voet sou vasgeklem en beseer het.
- 15 Dit volg dus dat eiseres se weergawe oor die meganiese wyse waarop haar besering veroorsaak is, ook versoenbaar is met die objektiewe waarskynlikhede.
- 20 Mnr Van der Merwe het egter gesubmitteer dat eiseres 'n onbetroubare getuie was en nie daarin geslaag het om te bewys dat die voorval inderdaad plaasgevind het soos deur haar beskryf nie. Mnr Van der Merwe was in hierdie verband genoop om te argumenteer dat dit waarskynlik is dat eiseres die oggend op 'n ander wyse self haar voet in verweerde se
- 25 /im

winkel beseer het, byvoorbeeld, deur die voet teen 'n rak of trolley te stamp en mettertyd, nadat haar mediese koste geëskaleer het, die blaam voor verweerde se deur wil lê ten einde met 'n eis vir skadevergoeding te slaag.

5

Daar moet natuurlik, soos betoog deur mnr Mouton, namens eiseres, onmiddellik daarop gelet word dat hierdie hipotese nooit aan eiseres gestel is nie. Dit kom ook op suwer spekulasie neer, sonder enige basis wat daarvoor gelê is in die 10 getuienis. Dit sal onthou word dat Hanekom inderdaad pertinent daaroor was dat eiseres nie hierdie bessering in verweerde se winkel opgedoen het nie. Dit is seker so dat hy hierdie stelling gemaak het aan die hand van sy siening aangaande eiseres se beskrywing oor hoe die voorval sou 15 gebeur het, maar is die probleem steeds dat die gemelde hipotese nie aan eiseres gestel is ten einde haar in staat te stel om in haar getuienis daarmee te handel nie.

Hoe dit ook al sy, is ek in ieder geval nie oortuig dat hierdie 20 hipotese aan die hand van die getuienis as 'n geheel 'n meer aankaarbare alternatief as die eiseres se weergawe van hoe sy beseer is, daarsteil nie. Soos dit al dikwels deur ons howe gestel is, sal 'n litigant sy of haar *onus* in 'n siviele saak kwyt deur die Hof te oortuig dat die afleiding wat hy of sy / ...

voorstaan, die mees voor-die-hand-liggende en aanvaarbare afleiding is van 'n aantal moontlike afleidings.

Die afleiding wat verweerde dus voorstaan, is dat eiseres haarself, sonder skuld van die verweerde of sy werknekmers, besoek het en nou verweerde aanspreeklik wil hou vir die finansiële gevolge van die bessering. Die behels natuurlik verder die aanname dat eiseres nie alleenlik 'n valse eis teen verweerde ingedien het nie, maar klaarblyklik ook meineed gepleeg het deur onder eed te getuig dat sy beseer is deur 'n trolle wat deur verweerde se werknekmer gestoot is.

Eiseres is 'n statige dame van 69 jaar wat my beïndruk het. Sy het haar deurtastende kruisverhoor goed deurstaan en was bereid om, waar nodig, toegewings te maak. Die kern van haar weergawe het egter konstant gebly en het die logiese en duidelike wyse waarop sy haar getuenis afgelê het, my gunstig beïndruk. Die huiwerigheid of vaagheid wat dikwels by bejaarde getuies waargeneem word, was in haar geval heeltemal afwesig. Soos ek reeds gemeld het, is eiseres se weergawe versoenbaar met die objektiewe ligging van die area waar sy sê die voorval plaasgevind het en word die wyse waarop sy sê sy beseer is, ook deur Hanekom van verweerde as redelik moontlik aanvaar.

Ek is bewus daarvan dat die blote optrede van 'n getuie in die getuiebank nie as die grondslag kan dien vir die aanvaarding van sodanige getuienis nie, maar dien dit in hierdie geval wel as onderskraging vir my mening dat eiseres se weergawe as die waarskynlike weergawe van die betrokke gebeure aanvaar behoort te word. Anders gesel, dien eiseres se optrede in die getuiebank as onderskraging vir my gevolgtrekking dat haar weergawe by verre die mees voor-die-hand-liggende of aanvaarbare weergawe is, veral as dit getoets word teen verweerde se ongesubstansieerde hipotese. Inteendeel, vind ek dit uiters onwaarskynlik dat hierdie bejaarde dame, welwetende volgens hierdie hipotese dat daar geen getuienis of geen getuie hoegenaamd van so 'n voorval is nie, dit sou fabriseer en met soveel oorleg ten aansien van tyd, plek en wyse, dit op bedrieglike wyse as die waarheid sou voorstel. Dit, in omstandighede waar die getuienis toon dat sy geen motief hoegenaamd gehad het om juis verweerde se winkel te teiken nie.

Mr Van der Merwe het betoog dat eiseres se weergawe in ieder geval as onbetroubaar verwerp moet word, in besonder aan die hand van die volgende: Eerstens, weens, wat hy beskryf het as eiseres se "verskeidenheid van verduidelikings" oor hoe sy besser is. In hierdie verband het mn Van der Merwe ook verwys na paraaf 4 van eiseres se /im

besonderhede van vordering waarin beweer word dat eiseres beseer is "when an unknown person employed by defendant pushed a trolley loaded with potatoes over plaintiff's foot".

5 Die kritiek hier teen is dat die bewering voorgee dat dit die trolley en, by noodwendige implikasie, die wiel van die trolley is wat haar beseer het, terwyl sy getuig het dat dit nderdaad die pallet op die trolley was wat haar voet beseer het. As egter gelet word op eiseres se getuienis, is dit so dat sy na die 10 trolley verwys het wat haar voet beseer het. Toe dit egter in kruisverhoor aan haar verduidelik is dat dit 'n pallet is wat op hierdie tipe vurkhyser-trolley rus, soos gesien kan word op die foto's , was dit duidelik dat sy na die geheel van die vurkhyser-trolley en pallet as 'n trolley verwys het. Daar kan 15 dus, na my mening, geen nadelige afleiding teen eiseres gemaak word weens haar verwysing na 'n trolley as die voorwerp wat haar beseer het nie.

Daarbenewens het eiseres, volgens my waarneming, nie haar 20 skuldig gemaak aan 'n beweerde verskeidenheid van verduidelikings, soos betoog deur mnr Van der Merwe nie.

Tweedens, het mnr Van der Merwe verwys na die getuenis van mnr Botha, die eiseres se eggenoot. In besonder het hy 25 verwys na die feit dat mnr Botha getuig het dat eiseres vir hom /im

gesê het dat die betrokke trollie haar van voor af genader het en nadat sy daardeur raakgery is, het dit agter haar tot stilstand gekom.

5 Toe eiseres hieroor in kruisondervraging gekonfronteer is, het sy getuig dat sy vir haar man gesê het dat die trollie van die voordeur se kant af gekom het. Die uitlegplan toon dan ook dat indien die trollie vanaf die voordeur se kant gekom het, dit die eiseres van agter, en nie van voor, sou genader het.

10

Daar bestaan dus na my mening die redelike moontlikheid dat daar 'n misverstand tussen eiseres en haar man was, naamlik dat sy vir hom gesê het dat die trollie haar van die voordeur, en nie van haar voorkant af nie, genader het. Dit is ook insiggewend dat eiseres bygevoeg het dat haar man, soos gebruiklik, weer nie behoorlik gelet het op wat sy hom vertel het nie. Ek is dus van oordeel dat hierdie getuenis van mnr Botha nie 'n nadelige afleiding teen eiseres regverdig nie; intendeel, soos ek reeds aangedui het, word eiseres se 15 weergawe in wesenlike opsigte gestaaf deur haar eggenoot se getuenis.

Derdens, het mnr Van der Merwe sterk gesteun op verweerde se getuie, mnr Loggenberg. Dit moet natuurlik steeds in 20 gedagte gehou word dat verweerde geen getuie geroep het /im

wat eerstehands kon getuig oor die gebeure in verweerde se winkel op 30 Desember 2003 waarby eiseres betrokke was nie.

Loggenberg het wel getuig oor 'n geleentheid in Februarie 5 2004, toe eiseres hom sou genader het en met hom gepraat het oor die voorval waarin sy beseer is. Volgens hom sou eiseres hom gevra het dat hy moet sê dat hy die persoon is wat die trollie gestoot het, sodat sy haar vergoedingseis kon afhandel. Eiseres het so 'n gesprek ontken.

10

Ek moet dadelik sê dat ek nie beïndruk was met Loggenberg se getuienis nie. Eerstens was hy vaag oor belangrike aspekte van sy weergawe. Hy gee voor dat die geleentheid hom helder voor die oë staan, maar kan nie sê of dit die voor-15 of namiddag was wat eiseres met hom sou gepraat het nie. Volgens hom onthou hy spesifieker dat dit in Februarie 2004 was, maar kan nie eers onthou of dit vroeg of laat in Februarie 2004 was nie.

Daarbenewens getuig hy dat hy besef het dat wat eiseres hom vra om te doen, verkeerd is en hy daar toe versoek het om hom na die kantoor te vergesel sodat hy dit aan Hanekom kon oordra. Hy sê dat eiseres geweier het om hom te vergesel, maar val dit vreemd op dat hy nie daarna dit oorweeg het om

eisernes se vreemde bedrieglike optrede, volgens hom, wel aan Hanekom te rapporteer nie.

Dit is verder vreemd dat hy die optrede van eisernes nie aan enige van sy kollegas genoem het nie. Volgens hom het hy eers daaraan gedink om dit te rapporteer toe hy in Mei 2004 'n berig oor die besering wat eisernes in die winkel sou opgedoen het, gelees het.

- 10 Dit is verder van belang om daarop te let dat Loggenberg getuig het dat eisernes ook aan hom sou gesê het dat die trollie by die blindings van die stoorkamerdeur uitgestoot is voordat sy beseer is. Dit sou beteken dat die trollie vir eisernes van voor en nie van agter nie, soos deur haar getuig, genader het voordat sy beseer is. Wat egter insiggewend is, is dat dit nie aan eisernes gestel is dat Loggenberg hierdie getuenis sou afle nie. Wat verder insiggewend is, is dat Hanekom nie getuig het dat Loggenberg dit vir hom gesê het nie, toe hy wel die voorval met eisernes in Mei 2004 aan Hanekom gerapporteer het.
- 15 20

In hierdie omstandighede bevind ek dat ek nie in die afwesigheid van onafhanklike stawing met veiligheid kan staatmaak op die getuenis van Loggenberg nie, veral vir 25 soverre hy getuig het oor wat eisernes vir hom sou gesê het.

Mnr Van der Merwe het ook gesteun op die onwaarskynlikheid dat slegs een persoon, soos getuig deur eiseres, die betrokke trollie vol aartappelsakkie sou gestoot het. Volgens Hanekom, was dit die opleiding en beleid in die winkel datt twee persone, een voor en een agter, 'n volgepakte trollie moes stoot. Dit is egter gemene saak dat 30 Desember 2003 een van die besigste dae van die jaar in die verweerde se winkel was en kan die redelike moontlikheid dus nie uitgesluit word dat die ander werkers besig was en een werker alleen die trollie sou gestoot het, met gevolg dat dit nie met veiligheid beheer kon word nie en met eiseres gebots het.

Verweerde se getuie, mnr Wynand, het wel getuig dat 'n trollie 15 volgelaai met aartappelsakkete swaar is vir een persoon om te stoot, maar bygevoeg dat hy nooit probeer het om so 'n trollie alleen te stoot nie. Ons weet dus nie as 'n feit dat 'n trollie wat volgepak is met aartappelsakkies, te swaar is vir een persoon om te stoot nie. Daar is ook nie duidelikheid oor die hoeveelheid sakkies wat op 30 Desember 2003 op die betrokke 20 trollie sou gewees het nie. Eiseres het wel getuig dat dit hoog gelaai was, maar kon daar net sowel minder as die maksimum hoeveelheid sakkies op die trollie gewees het. Dit sou tot gevolg gehad het dat die trollie makliker gestoot kon 25 gewees het as 'n volgepakte trollie en dat een persoon dit sou /im

kon hanteer het. Alles in ag genome, kan ek nie bewind dat dit onwaarskynlik is dat slegs een persoon die betrokke trollie gesoot het nie.

5 Samevattend is ek van oordeel dat eiseres wel die toets van 'n bewedigende enkelgetui deurstaan het en op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys het dat sy inderaad op 30 Desember 2003 deur 'n trollie, gestoot deur 'n werkneem van verweerde,
besoek is op die wyse soos deur haar beskryf.

10

Daar is verder geen bewys dat eiseres enigsins bydraend nalaatig was ten aansien van die plaasvind van hierdie voorval nie. Dit volg dus dat eiseres moet slaag met die meriete van haar aksie. As suksesvolle party is sy uiteraard ook op haar
15 gedingskoste geregtig.

Bygevolg word die volgende bevel gemaak:

1. Dit word verklaar dat verweerde aanspreeklik
20 is vir die betaling van sodanige skadevergoeding as wat eiseres mag bewys sy op geregtig is, voortspruitende uit die besering wat sy aan haar regtervoet opgedoen het in verweerde se winkel te Knysna op 30 Desember 2003.

2. Verweerde word gelas om eiseres se oorengekome of getakseerde gedingskoste ten aansien van die berekening van die geskilpunt oor die meriete van haar eis, te betaal, tesame met rente op sodanige kostebedrag teen 15,5% per jaar, bereken vanaf 'n datum 14 dae na datum van die takseermeester se *allocatur* of die datum waarop die partye op die kostebedrag oorengekom het.

.....
R. FOURIE
.....